NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 19
22 Mei 2025

# Hanna en Maria: Eggo's van dankbaarheid

**Die *Magnificat* (Latyn), bekend as die loflied van Maria, is 'n merkwaardige lied van dankbaarheid en aanbidding, opgedra aan Jesus Christus vir sy seën en genade in ons lewens. *Magnificat* beteken *My siel sing 'n lofsang vir die Here – My soul magnifies the Lord – Magnificat anima mea Dominum*.**

Maria besing Jesus se lof, want die engel Gabriël het 'n paar dae tevore 'n boodskap aan haar gebring dat sy die moeder van Jesus, die Seun van God gaan wees. Die loflied van Maria bestaan uit twee dele. Eerstens bring Maria lof aan God vir die wonderdade wat Hy in haar lewe gedoen het (Luk 1: 46-49), gevolg deur haar lofprysing aan God vir sy groot wonderdade aan sy kinders in Israel (Luk 1: 50-55).

*En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser, omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem, omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam!"* (Luk 1: 46-49, AFR83).

Ongeveer 'n duisend jaar voor Jesus se geboorte speel 'n soortgelyke verhaal hom af in die Ou Testamentiese gedeelte waar Hanna en Elkana vanaf Rama na Silo gaan om daar by die tempel te aanbid en offers vir die Here te bring. Hanna het ná die offermaaltyd die tempel binnegegaan om daar tot God te bid. Sy het 'n gelofte aan die Here gemaak dat as Hy vir haar 'n seun gee, sal sy hom vir die Here teruggee, lewenslank in God se diens.

Die priester Eli het haar in haar droefheid gesien, en haar geseën. Hanna het 'n seun in die wêreld gebring en hom Samuel genoem. Hy het 'n priester by die tempel in Silo geword en het Israel se eerste twee konings, Saul en Dawid, gekroon. Hanna se lofgebed nadat sy Samuel na die tempel geneem het, lui soos volg: *Toe het Hanna gebid: "My hart is bly in die Here! Kyk hoe het die Here my geseën! Nou kan ek my vyande antwoord terwyl ek my verbly oor u verlossing. Niemand is heilig soos die Here nie! Niemand is u gelyke nie; daar is geen Rots soos ons God nie* (1 Sam 2: 1-2, NLV).

Hanna en Maria het God se goedheid eerstehands ervaar – God sien hulle raak in hul geringheid. Hy gebruik vroue soos Hanna en Maria in sy raadsplan. God is nie net magtig nie, maar ook barmhartig met 'n besonderse agting vir die behoeftiges, nederiges en uitgeworpenes. Reg deur die Bybel sien ons hoe die Here juis dié mense sonder mag en aansien gebruik en ophef om van sy magtige dade te getuig.

Vandag eggo ons die dankbaarheid en lofprysing van Hanna en Maria terwyl ons die NHSV se 85ste bestaansjaar op 22 Mei 2025 vier. God gebruik ons – hoe gering ons ook al mag wees – om getuies vir Hom en sy evangelie te wees. Saam kan ons die *Magnificat* sing as 'n loflied aan God vir 85 jaar van genade en seën vir die NHSV se barmhartigheidswerk. Hy seën ons waar ons as vrouelidmate uitreik na die geringstes onder ons, die behoeftiges wat ons pad kruis, en die uitgeworpenes wat ons nader bring. Mag ons Maria se gesindheid uitleef en in hierdie wêreld eggo: *Ek is tot beskikking van die Here* (Luk 1: 38, AFR83).

**Mari-lizé Beukes**
**(Voorsitter NHSV-Hoofbestuur)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Baie geluk liewe NHSV




'n Pragtige houtgedenkbord (die grootte van 'n kanselkleed) word in die SP Engelbrecht-museum bewaar. Vroeër het dit in die skoolsaal gehang waar ons NHSV gestig is. Kom ons lees wat mev ds DF Erasmus van Ventersdorp oor hierdie stigting 85 jaar gelelede geskryf het. Woordeliks aangehaal uit Die Hervormer van 26 Junie 1940 gepubliseer in die afdeling *In Ons Vroue-rubriek*.

*VERSLAG VAN DIE EERSTE KONGRES VAN DIE NED. HERV. SUSTERSVERENIGING, GEHOU TE PRETORIA OP 22 EN 23 MEI 1940.*

*Dit was waarlik aangename, leersame en gesellige dae toe daar op 22 en 23 Mei jl* (jongslede/kort gelede)*, ongeveer 100 afgevaardigdes van die verskillende gemeentes van die Ned. Herv. Kerk van Afrika in die pragtige saal van die onlangs-voltooide Eendrachtskool* (Bosmanstraat 89) *te Pretoria bymekaar gekom het vir die 1ste Kongres van die "Ned. Herv. Sustersvereniging". Die ruim, doeltreffende, mooi saal, so goedgunstig en gratis deur die prinsipaal, Mnr. Seymore, wat ook lid is van ons Kerk, vir hierdie doel afgestaan, was smaakvol in herfskleure met pragtige blomstukke versier, waarvan alle eer toekom aan onse voorlopige komitee. Alles was uitstekend georganiseer en die susters van Noordelik-Pretoria en Pretoria-Noord verdien alle eer vir die wyse waarop hulle die afgevaardigdes ontvang en getrakteer het. Agter dit alles het ongetwyfeld baie voorbereiding en werk gesit.*

En dan verder: *Op Woensdagaand 22 Mei is aan al die afgevaardigdes en predikante met hulle vroue deur die susters van Noordelik-Pretoria 'n gesellige ontvangs aangebied in die eetsaal van die stadhuis* (Bosmanstraat 419)*. By geleentheid van hierdie funksie het Prof Dr SP Engelbrecht 'n toespraak gehou oor "Die vrou in die opbou van Gemeente en Kerk". Die program was uitstekend, musiek van hoë gehalte is gelewer en 'n interessante rolprent is deur die Transvaalse Onderwysers-Reisvereniging i.v.m. hulle Europese reis in 1937 aan die gaste vertoon. Ook die inwendige mens is vergas op die fynste en heerlikste lekkernye wat maar denkbaar is.*

(Ds Carel Johann de Bruin is emerituspredikant en sekretaris van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek)

## Lief en leed



- Baie geluk **dr Wouter en mev Susan van Wyk** met die geboorte van jul kleinkind, **Lily**. Mag sy vir julle en vir haar ouers **Laetitia en Peter Klein** baie vreugde verskaf.

- **Die volgende predikante verjaar tot 30 Mei 2025, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 23 Mei: Ds CJ (Johann) de Bruin (54) (emeritus)
  - Saterdag 24 Mei: Dr RJ (Robert) Jones (52) (Derdepoort/Villieria)
  - Sondag 25 Mei: Di RP (Rudi) Botha (71) (emeritus/Wesmoot), JJC (Johan) Koekemoer (64) (Marble Hall) en DJD (Danie) Taljard (60) (Sionshoogte)
  - Maandag 26 Mei: Ds J (Jackie) Dippenaar (48) (nie-diensdoende predikant)
  - Dinsdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (73) (emeritus/Glencoe)
  - Woensdag 28 Mei: Ds PA (Paul) van Jaarsveld (34) (Wapadrant)
  - Donderdag 29 Mei: Ds P (Paula) Eksteen (49) (nie-diensdoende predikant)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 26 Mei** bereik **vir 5 Junie** se vergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Gemeente Pretoria-Wes groet die kerkgebou op 25 Mei 2025.** Op 25 Mei 2025 om 08:30 word die laaste erediens in die kerkgebou van Gemeente Pretoria-Wes gehou. Ons sluit 'n hoofstuk van 76 jaar in hierdie gebou met dankbaarheid af en sien uit na die volgende hoofstuk wat vir ons voorlê. Ons nooi graag alle oud-predikante en -lidmate uit om hierdie spesiale geleentheid met ons te kom deel. Vir **navrae**, kontak gerus vir Mochzell Potgieter by 072 198 5105.

- **Gemeente Delareyville** wil elke donateur en gemeentelid hartlik bedank vir bydraes, skenkings en ywerige hande wat van die Generaal Delareyfees 'n sukses gemaak het.
  Wenners van die kompetisie:
  - 7 Verse en 'n bul: Pieter Gouws
  - Kragsteunstelsel: Jozef Hugo
  - Naweek by Woodside Game Lodge: James Bamberger.

  Gemeentes wat die geleentheid gebruik het om te deel in die kompetisie het gesamentlik meer as R100 000 vir hul eie fondse ingesamel.

- Ons lê in die Junie/Julie-uitgawe van *Die Hervormer* besoek af by ds Leslie Kern en sy gesin in Kanada. Hy het kontakbesonderhede van **Afrikaanse kerkdienste in Kanada** met ons gedeel. Afrikaanssprekendes in Kanada word genooi om in te skakel by hul dienste.
  - British Columbia: Ds Leslie Kern: (604) 226 9832<br>Facebook-blad: Afrikaanse Kerkdiens in BC
  - Alberta: Ds Chris Koch (306) 903 7661<br>Facebook-blad: Afrikaanse Kerkdienste in Alberta
  - Saskatchewan: Ds Gerhardt Venter (306) 531 7017

- ***Kroon van Wonders – 'n Pinksteroratorium*** vind op **29 Mei en 1 Junie by NG Universiteitsoord** plaas. Die teks vir *Kroon van Wonders* is saamgestel uit die Evangelies se opstandings- en hemelvaartverhale. Die uitvoering word aangebied deur die bekroonde Vox Chamber Choir van Pretoria, onder leiding van Franco Prinsloo, saam met 'n indrukwekkende ensemble van 26 strykers, vier koperblasers, 'n enkele fagot, orrel en perkussie. Kyk gerus ***hier*** na 'n onderhoud met Franco Prinsloo oor die oratorium. Meer inligting en besprekings is ***hier*** beskikbaar.

- U word hartlik uitgenooi na **die emeritaatsgeleentheid van ds Willem Breytenbach** (Hazyviev/Sabie/Witrivier) op Sondag **8 Junie** om 10:00 by Gemeente Witrivier. Daar is 'n ete na die diens. Kontak asseblief vir Henriette (079 492 4317) voor 30 Mei indien u dit wil bywoon.

- **Gemeente Centurion-Oos se 60ste bestaansjaar** (30 Junie) word met groot dankbaarheid en vreugde op **7 en 8 Junie** gevier.

  - **Saterdag 7 Junie**
    08:00: **Pretstap** (Ons parkeer by die kerk en word per bus vervoer na die roete en terug).
    08:00-13:00: **Feesmark** by die kerk. Heerlike eetgoed, uitstallers van verskeie produkte, geskenke en vermaak vir die jongspan.
    14:00-19:00: **Spitbraaikuier** vir die hele gesin. Kontak gerus vir Maryna by die kantoor om kaartjies te koop (012 664 2044 / 082 782 7102).

  - **Sondag 8 Junie**
    09:00: **Feesdiens** en nagmaal wat afgesluit word met koffie/tee en 'n eetdingetjie na die diens. Bevestig asseblief per e-pos (**kantoor@nhkcenturionoos.co.za**) indien u graag die geleentheid op Sondag 8 Junie wil bywoon.

## Vergaderings

- Vrydag 23 Mei: Raad van Finansies

## Kerklike en ander publikasies




- In die **Mei 2025-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** beskryf ds Hannelie Botha se redaksionele artikel *My klein dorpie* die unieke karakter van 'n klein dorpie. Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur, kleur die NHSV se 85ste bestaansjaar in, wat op 22 Mei 2025 gevier word, met hoogtepunte van die afgelope dekades in *85 jaar van NHSV seën!* Mientjie Geyser, brei uit op die geskiedenis van Afrikaans se 100ste bestaansjaar in *My taal*. Ds Carel Johann de Bruin, sekretaris van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek, brei die plakkaatversameling uit met plakkaat nr 12, *Prediking, doop & nagmaal,* in die artikel *SP Engelbrecht Museum.* Ds Hannelie Botha skyn die kollig op *Crossroads Prison Ministries* se geestelike versorging van gevangenis in *Gevangenisbediening.* Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

- Die gewilde ***Afrikaanse Bybel vir Almal*** is nou weer beskikbaar. Dit is ideaal vir gebruik tydens huisgodsdiens, vir die jeug en as geskenk tydens die Afrikaans 100 feesjaar. Stuur 'n epos na **sales@biblesociety.co.za** vir meer inligting.




- Uitgawe 18 van ***Lalasini*** is **hier** beskikbaar. Lees lekker saam oor die stofpad na Die Hel (Gamkaskloof). Die vorige uitgawes kan hier gelees word: **Lalasini - Archive**

## 'n Gedig

**Psalm 33**

Sing juigend, sing 'n nuwe loflied.
Besing opnuut die Heer se Naam;
bring nou 'n lofgesang met eerbied
soos dit gehoorsames betaam.
Net deur sy gedagte is die Heer by magte
om te laat geskied.
Wat Hy doen, duur ewig. Vas staan dit en stewig
soos hy dit gebied.

(Uit: *Liedboed van die Kerk*)

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet:
  - 30 Mei: Middelburg-Noord
  - 30 en 31 Mei: Standerton
  - 31 Mei: Culembeeck
    Delmas
    Groeneweide
    Hartbeesfontein
    Lichtenburg
    Malelane
    Marble Hall
    Primrose-Oos
    Schoemansdal
  - 6 Junie: Heidelberg
  - 6 en 7 Junie: Ons Tuis Machteld Postmus
  - 7 Junie: Parys
  - 27 Junie: Odendaalsrus

- **Gemeente Delmas** se jaarlikse **Voetspoorfees** vind op **31 Mei** vanaf 08:00 plaas. Hierdie is 'n plattelandse kerkbasaar slegs 'n hanetreetjie van die stad af. Kom ervaar plattelandse gasvryheid met lekker basaarkosse, trompoppies, toutrek en Nico Booijse wat musiek gaan maak. Wors en maalvleis word te koop aangebied. Ons gaan ook poog om 'n Delmas-rekord op te stel deur 500 persone se hare met 'n tydelike haarkleursel te kleur. Kom deel in die dag se pret!

- **Gemeente Lichtenburg se Oesfees** vind op **31 Mei 2025** plaas. Die feestelikheid begin reeds vroeg die oggend met die amptelike opening om 08:30. Talle eetgoed, soos pannekoek, vetkoek, sosaties, worsbroodjies, donuts, lekkergoed en vele meer is beskikbaar. Wors, maalvleis en tuisgebakte koekies word te koop aangebied. Daar is tonne vermaak vir oud en jonk tydens die Oesfees se skyfskietkompetisie, boeresport en 'n meganiese bul wat gery kan word. Die vermaak word self meer met Ivan Roux wat as gaskunstenaar optree. Daar is **hope pryse te wen** met ons **gelukkige trekking**. Kaartjies kan ***hier*** aanlyn gekoop word.

- **Gemeente Hartebeestpoort** (Brits) bied weer dié jaar hul 3de **Bosveld Mtb** op **2 Augustus 2025** aan as 'n fondsinsameling vir die gemeente. Daar is 'n keuse van vyf afstande, naamlik 4 km & 8 km *kiddies ride* 36 km, 91 km,156 km.
**Plek: Brits Vliegveld**
**Tyd: Begin om 07:00.**
Aanlyn inkrywings kan gedoen word. Onthou as jy voor 31 Mei inskryf is die inskrywings R100 goedkoper. Dié jaar het ons nog meer waterpunte en Bakkies Botha is ons gas vir die dag. Hy gaan self die 91 km doen.
Vir **navrae** kontak: Ds Corlien van der Merwe (083 654 8154), Marcel by Hartebeestpoort kerkkantoor (012 252 4315), Mechiel Ras (072 605 1393) of Mias van der Merwe (083 320 2466). Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings. Gaan kyk gerus wat sê die vorige deelnemers onder *Testemony* (sic) op die webwerf.

- Die **Pastorie Gastekamers** in Polokwane bied gerieflike **oornagfasiliteite** op pad na die Krugerwildtuin of ander bestemmings in Limpopo. Elke kamer het 'n privaatingang, binnehof en selfsorgfasiliteite. Kontak ds Henk of Trudie Joubert (082 561 3799) vir meer inligting. Loer gerus ***hier*** na ons Facebook-blad.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## SP Engelbrecht-museum

- ***Daar is spoke by die museum – en JY word genooi!*** 'n Familiepiekniek onder die sterre met kultuur, geskiedenis en spookstorievertellings as bestanddele. Net soos 'n museum items uit die verlede bewaar, laat herleef Spookstorie Produksies die amper vergete era van spookstorievertellings. **Saterdag, 24 Mei vanaf 16:00** kan jy die SP Engelbrecht-museum, Eloffsdal, besoek en jou sitplek gereed kry. Bring kampstoel, kombers en piekniekmandjie. Die hoogtepunt is die storie- en musiekvertoning, 'n *musical*, DIE-anner-LEWE, aangebied deur Spookstorie Produksies, wat om **18:00** afskop en 20:00 eindig. **Veilige parkering**. Pannekoek, warm drinkgoed en SPOOKasem te koop. **Koop kaartjies (R195) aanlyn** by **www.spookstories.co.za** en bevestig jou bywoning deur 'n e-pos, met jou kontakbesonderhede, te stuur aan: **careljohann@gmail.com** sodat ons inligting met jou kan deel.

- **Op soek na Transvaalse ougoed!** Elize Labuschagne, wat haar doktorale proefskrif oor ou-Transvaalse boerehuise geskryf het, is besig aan 'n boek oor ou-Transvaalse meubels en stel veral belang in die meubels uit die Marico-area. Wie het nog 'n riempiesbank, 'n stoel, 'n wakis, tafel of 'n rakkie wat deur oupa in die tyd voor en kort na die Anglo-Boere-oorlog gemaak is? Of selfs meubels wat tot laat in die 20ste eeu nog op die tradisionele manier gemaak is? Wie kan vir haar 'n storie vertel oor die meubelmakers van daardie tyd,

of nog beter: ’n foto wys van die kunstige manne in ons omgewing wat meubels gemaak het? Tipies sou die meubels in tambotie, boekenhout of ander hardehout gewees het. Sy kom binnekort in Marico kuier en sal baie graag van die meubels wil afneem en die stories hoor. Kontak asseblief vir Elize by **elizelab@mweb.co.za**, of WhatsApp by 082 780 8021 as jy iets het om te vertel om te wys. Neem sommer ’n selfoonfoto van wat jy het, en stuur dit saam aan. Hier is twee foto’s van die tipe meubels waarna sy soek.





## Toerusting

- **Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA)** se **konferensie** vind op **12 tot 13 Augustus** by Gemeente Pretoria-Oos plaas. Hierdie jaar word Nicea 1700 gevier. Dit is belangrik dat kerke en akademici hierdie belangrike gebeure herdenk. Daarom word die bogenoemde konferensie beplan met die tema ***Skrif-Belydenis-Liturgie – Nadenke oor die Belydenis van Nicea**.*

  Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om ’n voorstel in te dien vir **’n akademiese bydrae** tydens die konferensie. Sprekers sluit in akademici van verskillende toonaangewende universiteite.

  **Tydlyn**
  - 31 Mei 2025: Opsomming word ingedien
  - 12 Julie 2025: Finale program word uitgestuur
  - Konferensie: 12 tot 13 Augustus 2025.

  Meer inligting oor die konferensie sal nader aan die tyd in *Blitspos* gepubliseer word. Vir enige verdere navrae kontak gerus die volgende persone: prof WA Dreyer (**wimdreyer@nhk.co.za**) of dr Antionette Janse van Rensburg (**antoejvr@gmail.com**).

## Barmhartigheid

- **NHSV-uitbetalings – Mei 2025:** Alle NHSV-takke en vrouelidmate word daaraan herinner dat die barmhartigheidsuitbetalings in Mei grootliks geoormerk word vir die ondersteuning aan bejaardes in nood. Die behoeftes vir barmhartigheid neem steeds toe en daarom is u bydraes en hulp van onskatbare waarde. Die NHSV-Hoofbestuur maak opnuut staat op elke gemeente en NHSV-tak se oop hand én hart wanneer dit kom by hierdie belangrike saak.

  Bejaardesorguitbetalings vind jaarliks plaas om tekorte by die OTMT Ons Tuis-tehuise aan te vul ten opsigte van behoeftige inwoners, instandhouding en bedryfsuitgawes. Bejaardesorgfondse word ook aangewend vir spesiale gevalle buite die Ons Tuis-groep om bejaardes landswyd te ondersteun met spesiale behoeftes en versorging.

  Die NHSV-uitbetalings vir Mei per gemeente/NHSV-tak is as volg:
  - Bejaardesorg: R1.00 per belydende lidmaat
  - Inrigtingsfonds: R1.00 per belydende lidmaat
  - Administrasiefonds: R350.00 per gemeente
  - Borgfonds OTMT: R300.00

  Die Administrasiefonds word gebruik om die toekennings van studielenings aan te vul, uitgawes rondom die NHSV-Nasionale Kongres, streekbyeenkomste en NHSV-Hoofbestuurvergaderings te befonds asook administratiewe uitgawes van die NHSV-kantoor onder andere versending van pakkies na NHSV-takke en gemeentes, aandenkings en drukwerk vir streekbyeenkomste, ensovoorts.

**Betaalstaat en inligting**

Die betaalstaat is beskikbaar op die NHSV-webwerf: **www.nhsv.org.za**. Alle betalings moet die NHSV-Hoofbestuur verkieslik teen 31 Mei bereik. Betalings moet vergesel wees van 'n NHSV-betaalstaat en kan oorbetaal word na die volgende bankrekening:

Naam van rekeninghouer: NHSV Hoofbestuur
Bank: ABSA
Rekeningnommer: 405 145 4181
Takkode: 632005
Verwysing: Gemeente/NHSV-tak se naam

Stuur asseblief onmiddellik na die betaling elektronies of per bankdeposito gedoen is, beide die NHSV-betaalstaat en bewys van betaling per e-pos aan die NHSV-kantoor by: **finansies@nhsv.org.za**. Kontak gerus die NHSV-kantoor 012 325 0117 of **admin@nhsv.org.za** vir meer inligting en hulp. Ons wil u by voorbaat bedank vir u liefdeswerk en barmhartigheid waar dit kom by die instansies wat deel vorm van die NHSV-Hoofbestuur se prioriteite.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**


## Gebed vir die week

**’n Gebed om my internet-gebruik te verminder**

O Skepper van alle dinge,
ook van die mooi verkleurende herfsblare buite my venster
wat ek nie eintlik raaksien nie
omdat ek heeltyd na my rekenaarskerm kyk,
skenk tog aan my die wil
om meer en meer van die internet af te klim.
U weet dat die laaste ding wat ek nodig het
is om na nog ’n simpel video’tjie te kyk
of nog ’n nuttelose katoeter aanlyn te koop.
In u groot genade, lei my weg
van die virtuele
na die werklike
van ’n gewaande toekomsvrees
na die mooi van vandag
van wat ek op ’n skerm sien
na wat ek in my lewe beleef
van wat ek gemanipuleer word om te begeer
na wat ek tevrede is om te besit.
Bring my, Here, uit by dit wat regtig eg is
want U, Here, weet hoe skadelik
die kunsmatige vir my wese is.

AMEN

**Etienne Fourie** (na aanleiding van ’n gebed van Nadia Bolz-Weber)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann